

Gepubliseer op:

Deur Christus Alleen

Tuisblad van dr. A.H. Bogaards

www.enigstetroos.org



Lees: Jakobus 1:1-16

Teks: Jakobus 1:12-15

H.K.: Sondag 52:127.

Datum: 8 Mei 2011

Ps's: 71:1-2; 106:22; 141:1,2,9; 139:1,2; Ps 139:12

1.Inleiding.

Die vorige keer het ons die vyfde bede van die Onse Vader behandel: “Vergeef ons ons skulde...” Vandag preek ek oor die sesde bede: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose...”

Daar is 'n baie nou verband tussen hierdie twee bedes: Beide gaan oor ons SONDE. Ons sonde bestaan naamlik uit twee dele: sondeSKULD en sondeSMET of -MAG.

1. Daar is dus eerstens die sondeskuld. Ons sonde stel ons skuldig voor die Regter van hemel en aarde; dit maak dat ons veroordeel sal word tot die straf van die ewige dood. In die bede "Vergeef ons ons skulde", vra ons ons hemelse Vader dat Hy ons skuld sal uitdelg om Christus wil en dat Hy ons so sal verlos van die straf van die ewige dood.
2. Maar die sonde bestaan nie net uit skuld nie. Daar is ook nog in die tweede plek die sondemag of -smet: Die sonde is 'n mag in ons lewens; ons natuur is besmet, sodat ons van nature niks anders as sonde kan doen nie. En daarvoor bid ons nou in die sesde bede: om verlossing van die sondemag in ons lewe. “Here, verlos ons van ons sondige gedagtes, woorde en dade.”

Dit is so 'n belangrike onderskeid - sondeskuld en sondemag -, dat ek dit met 'n beeld nog duideliker by u wil tuisbring, met die beeld van 'n misdadiger wat voor 'n regter te staan kom:

1. Eerstens kan ons sê: As so 'n man voor die regter verskyn, word hy as gevolg van sy misdade of sondes SKULDIG bevind. Dan word hy gevonnissen tot 'n straf, byvoorbeeld tronkstraf, om te betaal vir sy sondeskuld en te boet vir sy misdaad.

2. Maar tweedens is daar nog iets: sy MISDADIGE NEIGINGS, sy sondige geaardheid. En daarvoor word hy ook tronk toe gestuur om gerehabiliteer te word van sy slegte natuur en om van hom 'n beter mens te maak.
- En d.i. nou presies wat met ons die geval is: Ons is misdadigers voor God. Ons is diep in skuld by Hom. 'n Godswonder het egter gebeur. Iemand anders, naamlik Christus, het die sondeskuld op Hom geneem en die straf vir ons gedra. En daarvoor bid ons ook telkens wanneer ons gesondig het: Vergeef ons! En dit word ons vergewe. Dit is die vyfde bede.
 - Maar met die wegneem van ons sondeskuld, is ons nog nie beter mense nie. Ons bly nog sondaars wat daaglik misdade pleeg. Ons sit nog met daardie misdadige geaardheid. En soos 'n gewone misdadiger gerehabiliteer moet word in 'n tronk, so moet ons ook gerehabiliteer word. Ons moet ontslae raak van die sondige neigings en die misdadige trekke in ons. En daarvoor vra ons in die sesde bede: “Lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose”, d.w.s. bevry ons van ons bose natuur. By hierdie bede bepaal ons ons vandag in die prediking.

En om maar verder te gaan met die beeld van die misdadiger met sy swak karakter: As hy die dag uit die tronk uit kom, is daar soveel versoekings. Hy het so 'n stryd teen homself en die versoekings wat op hom afkom. Sy sondige natuur is nie bestand daarteen nie.

En so is ons almal! Ons natuur is so swak en die versoekings storm daaglik van alle kante af op ons af. En ons KAN NIE daarteen weerstand bied nie. Hierdie bede is net soos die gebed om skuldvergifenis 'n belydenis: ons KAN NIE SELF nie.

In verband met die VERSOEKINGS moet ons nou gaan kyk 1. waar dit vandaan kom, 2. wie se skuld dit is dat ek daaraan toegee, en 3. hoe ons die oorwinning kan behaal, hoe ons uiteindelik gerehabiliteer kan word. In verband daarmee, wil ek met u stilstaan by drie punte:

1. God versoek ons nie;
2. die Satan en sy trawante versoek ons; en

3. hoe ons die oorwinnig oor die versoekings kan behaal.

1. God versoek ons nie.

So 'n stelling klink tog vreemd. Want waarom moet ons dan bid: ***Onse Vader...lei ons nie in versoekinig nie...***? Dit is vir baie 'n onbegryplike stelling. Want immers, as ons so bid, dan klink dit tog asof dit God se skuld is dat ons versoek word.

Ons sal die antwoord op ons vrae in die Bybel moet gaan soek. En dan lees ons in Jakobus 1:13: “Laat niemand, as hy in versoeking kom, sê: Ek word deur God versoek nie, Want God kan deur die kwaad nie versoek word nie, en ***self versoek Hy niemand nie***”.

Nou hoor ek u al sê: Nou is ek nog meer verward. Want in die Onse Vader klink dit asof God ons wél in versoeking lei en asof ons God bid dat Hy dit tog asseblief nie moet doen nie. MAAR hier in Jakobus staan skynbaar presies die teenoorgestelde: God versoek ons ***nie***! Dit klink na 'n vreeslike teenstrydigheid in die Bybel.

Maar kom ek los die raaisel vir u op. Die woord ***versoeking*** het in die Bybel twee uiteenlopende betekenisse:

1. Soms moet ons dit verstaan as versoeking en
2. ander kere word daarmee eerder bedoel beproewing.

Daar is 'n groot verskil tussen beproof en versoek.

1. Om te beproof, geskied met 'n ***goeie doel***. Die bedoeling van beproewing is om iemand te toets of hy getrou is of nie en om te louter in ons geloof. Dit doen God met ons.
2. Om te versoek daarenteen het 'n ***slegte doel***: om iemand te verlok tot die kwaad. Dit doen die Satan met ons.

In Jakobus 1 vers 2 tot 12 gaan dit oor versoekings as beproewings van God. In vers 2 sê Jakobus dat ons dit as 'n saak van louter – enkel en alleen – vreugde moet beskou as God ons so beproef. Want hierdie beproewing het volgens vers 3 'n heerlike vrug: “omdat

julle weet dat die beproewing van julle geloof lydsaamheid – volharding - bewerk.” En Jakobus eindig die gedeelte oor die beproewings van God in vers 12 met die belofte, met die saligspreking: “Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die lewe ontvang wat die Here belof het aan die wat Hom liefhet.” Met hierdie belofte wil God ons dra in die uur van beproewing.

Maar God wys ons ook nog op iets anders in die midde van beproewings. Hy laat ons nie aan onself oor nie. Nee, maar Hy wys ons op die gebed, die gebed om wysheid. Dit hoor ons in vers 5: “En as iemand van julle wysheid kortkom, laat hom dit van God bid ...”. Nou moet ons wel goed verstaan wat hier met wysheid bedoel word. Dit het niks te make met ‘n goeie verstand of ‘n hoë IK nie. Met wysheid bedoel die Bybel: om te leef uit die Woord. En toegepas op die beproewings van God: om op grond van God se Woord te weet en te vertrou: God het in hierdie beproewing van my sy goeie, volmaakte, Vaderlike bedoelings met my op die oog. Hy sal my ook die krag en die genade, die gemeenskap van Christus en sy Gees skenk om dit te kan dra. Om hierdie wysheid bid ons: om dit te kan sien en te kan glo.

God versoek ons dus nie tot die sonde nie. Maar wie is dan die vyand? Wie is dan die versoeker tot sonde? Dit is

2.2. die Satan en sy trawante.

“**Doods**vyande” noem die belydenis hierdie vyande, want hulle lei ons na die **ewige dood**.

In ons Skrifgedeelte hoor ons van twee teenoor mekaar staande eindbestemmings:

- In vers 12 het ons gehoor wat die eindbestemming van God se beproewings is: “Salig is die man wat versoeking verdra, want as hy die toets deurstaan het, sal hy die kroon van die **lewe** ontvang wat die Here belof het aan die wat Hom liefhet.”
- In vers 15 word die eindbestemming van Satan se versoekings getoon: “... as die sonde tot volle ontwikkeling gekom het, bring dit die **dood** voort.”

Om dit so saam te vat:

Aan die einde van die deel oor die beproewings van God trek en troos die Here ons met die belofte van die lewe. Aan die einde van die deel oor die versoekings, waarsku God ons met die oordeel van die dood.

Ons het drie doodsvyande, sê ons belydenis: die duiwel, die wêreld en ons ou natuur.

Vyand nommer 1, wat die Kategismus noem, is die Satan. Hy “loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind”, sê 1 Petrus5:8. Voortdurend lê hy op die loer vir sy prooi of hy nie 'n kans het om u in sy kloue te kry nie. Hy het ook twee handlangers. Vyand nommer 2 is die wêreld met al sy prikkelende versoekings soos seks, rykdom en eer. Die wêreld ken die kuns om die sonde so aangenaam en so aanloklik moontlik voor te stel. En dan is daar nog vyand nommer 3: Ons eie sondige natuur, die ou mens in ons, wat na die duiwel luister en aan die wêreld gehoor gee.

Noudat ons die vyande ken, is dit nodig dat ons sal vra na:

2.3 ons oorwinning oor ons versoekings.

Ons moet beslis weet: Ons staan voor drie uitermate gedugte teenstanders.

Daarteenoor, sê die Heidelberger, is *ons ... in onself so swak dat ons nie een oomblik staande kan bly nie* - nie eens *een oomblik* nie!

Wat is dan die oplossing? Dieselfde as in die beproewings van God. Die gebed, die gebed om wysheid: om te lewe uit die Woord, uit die beloftes van God.

In die Onse Vader het ons daardie gebed om wysheid. Want dít is ware wysheid: om op grond van die Woord jou eie hulpeloosheid en swakheid te ken en biddend te bely, om in jou swakheid en magteloosheid jou hulp by God te gaan soek, om te bid: Onse Vader ... verlos ons van die Bose. Dít is ware wysheid: om deur die gebed jou toevlug by God in Christus te gaan soek.

Die hele lewe van 'n gelowige is 'n stryd. Altyd is ons in gevaar. Sonder ophou veg die vyand teen ons. En...HOE SWAK IS ONS NIE! Want telkens struikel ons.

Ons eie kragteloosheid bely ons dus in hierdie bede.

Maar as ons dan weet hoe swak ons is en as ons die oormag teen ons ken, dan moet ons 'n BONDGENOOT soek. En dit doen ons wanneer ons bid: "Onse Vader...verlos ons van die Bose." Want daarmee sê ons : "Wil U, O VADER, ons tog deur die krag van Christus en sy Gees staande hou en versterk..."

Ja, en dan verbind die Heilige Gees ons aan Christus en in Hom, ons Here Jesus, is ons meer as oorwinnaars en sal ons triomfeer.

MET DIE SESDE BEDE roep ons tot die Here Jesus en sy Gees om toe te tree tot die doodsstryd wat ons het om te stry. MET DIE SESDE BEDE mobiliseer ons die magtigste leër en die kragtigste weermag wat daar is: DIE ALMAGTIGE GOD! MET HULLE is die uitslag seker. MET HULLE staan ons triomf vas.

MET HULLE stry ons *totdat ons eindelijk die oorwinning ten volle behaal*. Eenmaal sal daar aan ons stryd 'n einde kom, wanneer ons deurgaen na die ewige geluksaligheid.

Met die hulp van die Gees van ons Here Jesus Christus sál ons die goeie stryd stry, sál ons die wedloop voleindig, sál ons die geloof behou en sál ons die kroon van Jakobus 1 vers 12, die kroon van die lewe, uit die hand van die Here ontvang ... sál ons ... danksy die Seun van God.

Ek kom weer terug op die beeld van die misdadiger wat gerehabiliteer moet word:

Ons lewe lank is Christus besig om ons deur sy Gees te rehabiliteer van ons misdadige neigings en hierna sal ons volkome gerehabiliteer wees. Christus is die geheim van ons verbetering en Hy is die sleutel tot ons heiligmaking. Hy verlos ons van die heerskappy van die Bose en die mag van die sonde. Hy bevry ons van ons ou mens. Jesus Christus herskep deur Gees en Woord sondaars, misdadigers, tot goeie en lojale burgers van sy ryk.

Ons hoef nie na 'n tronk toe te gaan om genees te word van ons booshede nie. Jesus het 'n ander rehabilitasie-middel vir sondaars: sy kruis! Ons weet immers, sê Paulus in Romeine 6 vers 6: Ons ou mens is saam met Christus gekruisig, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie.

3. Slot.

In die kruis lê ons oorwinning oor die duiwel, die wêreld en ons ou natuur. Om hierdie wysheid, om 'n lewe uit die kruis, daarvoor bid ons as ons bid: Onse Vader ... lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose; onse Vader ... hou ons by die kruis van u Seun.

In Christus Triomfator, Christus die Oorwinnaar – in Hom is ons meer as oorwinnaars. Dít is wysheid om dít te weet. Dít is die gebed om wysheid: om daarvoor te bid.

AMEN.